

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Sondag, 5 Julie 2020 om 9.00

VOTUM

Kom, prys die Here,
julle almal wat Hom dien,
julle wat in die nag
in die tempel van die Here staan!

²Hef julle hande in gebed op
na die heiligdom
en prys die Here!

³Mag die Here jou seën uit Sion,
Hy wat hemel en aarde gemaak het

SEËNGROET

²Genade en vrede vir julle
van God ons Vader en
die Here Jesus Christus!

LOFLIED.

Halleluja



GEBED EN SKRIFLESING

Teks. Jes 40-66

Tema. Gelouter in die smeltkroes van ellende

'n Tydperk van trauma en emosies

Niemand was gereed vir 2020 nie en niemand weet wat in die afsienbare toekoms op ons wag nie. Mense beleef in 'n tydperk van trauma verskillende emosies. Geen twee mense hanteer hulle pyn, lyding en onsekerheid op dieselfde wyse nie.

Die val van Israel: 586 vC

Die Babiloniese ballingskap was die mees traumatiese gebeurtenis in die geskiedenis van die Joodse volk. Ongeveer in die jaar 600 vC het die Babiloniese weermag Israel ingeval en die koning, sy seuns en 'n deel van die Joodse bevolking is na Babilon weggevoer. Die oorblywende Jode het hierna 'n verdrag met Egipte gesluit. Die Babiloniese weermag het hierna teruggekeer en hierdie keer is die stad en die tempel met die grond gelyk gemaak en baie Jode het op 'n wrede manier in die veldslag gesterf. Ons lees in Miga 1:15

Ek is hartstogtelik begaan oor Jerusalem, oor Sion. My toorn gaan losbreek teen die nasies wat nou so sorgvry woon, want my toorn teen Jerusalem was nie so groot nie; dit is die heidennasies wat dit so 'n groot ramp laat word het.



Die Jode in Babiloniese ballingskap: 586-537vC

In die jaar 586 vC word die meeste van die oorblywendes in ballingskap weggevoer. Die Jode het nooit geglo dat so iets sou gebeur nie. Hulle het geglo dat hulle die uitverkore volk is, dat Jerusalem die stad van God is en dat die tempel die woonplek van God en dat God 'n ramp van hierdie omvang nooit sou toelaat nie.

Die traumatiese impak van hierdie gebeure

Toe gebeur die ondenkbare, die volk van God, die stad van God en die woonplek van God word deur barbare vernietig en 'n volk word in 'n vreemde land hervestig. Duisende manne, vroue en kinders sterf in die proses en die wat die aanslag oorleef het, is in verskillende provinsies in Babilonië hervestig. Mans, vrouens en kinders is van mekaar geskei. Mans het gewonder wat van hulle kinders en vrouens geword het. Vrouens het oor hulle mans en kinders getreur en kinders het sonder hulle ouers in 'n vreemde land met 'n vreemde taal, opvoeding en godsdiens groot geword. Daar was ook geen toekoms vir die ballinge nie en alles het donker gelyk.

'n Nuwe toekoms word aangekondig

Na jare in ballingskap kondig Jesaja aan dat 'n nuwe toekoms vir die Jode aangebreek het. Die einde van hulle swaarkry het aangebreek. In Jesaja 40-66 sien ons die gevolge van trauma en die tipiese emosies wat mense in so 'n tydperk beleef. Hierdie hoofstukke is hoofstukke van troos, bemoediging en ondersteuning aan mense met stukkende emosies agv hulle



omstandighede. Hulle swaarkry en ellende is verby en 'n nuwe toekoms is besig om aan te breek.

1. EK VOEL BANG. (JESAJA 43:1-3)

In tye van trauma beleef 'n mens verskillende vorme van vrees. 'n Pa het gewonder waar sy vrou en kinders is. 'n Ma het oor die veiligheid van haar kinders gevrees. Vandag vrees mense die gevolge van die pandemie. Ander vrees die onsekerheid van die toekoms. Wanneer mense vandag praat, hoor jy in die ondertone van hulle stemme die woorde, "ek is bang vir...."

- ***God is ons Skepper en ons is Sy eiendom***

Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.

- ***In tye van vrees gee God ons die versekering dat Hy by ons is.***

- As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie *wegspoel* nie;
- As jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie *skroei* nie, die vlamme sal jou *nie brand* nie.
- Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder. Moenie bang wees nie, *Ek is by jou.*

Die antieke mens het die natuurrampe van vuur en water die meeste gevrees. Wanneer reuse brande uitgebreek het of 'n watervloed het afgekom, kon hulle niks daaraan doen nie. God sê nie, dat hierdie natuurrampe nie gaan plaasvind nie. Wat Hy wel sê, is dat Hy gedurende hierdie rampe by ons is en dat die rampe, wat buite ons beheer plaasvind, ons nie sal vernietig nie. Ons bevind ons op hierdie stadium weereens in die



“watervloed” en “vuur”, maar ons het niks te vrees nie, want God is by ons.

2. EK VOEL BEKOMMERD. (JESAJA 41:8-13)

In die tyd van die ballingskap was mans kommerd oor hulle fami-lies. Vrouens was bekommerd oor hulle kinders en die kinders was bekommerd oor hulle versorging. Die Jode was bekommerd oor hoe die Babiloniërs hulle gaan hanteer en die toekoms van hulle nageslag. Die lys van bekommernisse het daaglik net lan-ger geword.

- *God is ons Herder en ons is Sy uitverkore kudde, wat Hy baie liefhet.*

⁸Maar jy, my dienaar, Israel, Jakob vir wie Ek uitverkies het, afstammeling van Abraham vir wie Ek liefhet (Jesaja 41:8)

Soos 'n herder *versorg* Hy sy kudde: die lammers maak Hy bymekaar in sy arms en Hy dra hulle teen sy bors, Hy sorg vir die lammerooie (Jesaja 40:11)

- *In tye van bekommernisse kan die kudde staatmaak op die ondersteuning van die Herder*

Moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God:

- Ek versterk jou,
- Ek help jou,
- Ek hou jou vas,
- Met my eie hand red Ek jou.
- Ek is die Here jou God,
- Ek vat jou hand,
- Ek sê vir jou: Moenie bekommerd wees nie, Ek help jou.



- **God verklaar oorlog teen die oorsake van ons bekommernisse.**
 - Almal wat teen jou te kere gaan,
sal teleurgesteld staan en die *aftog* blaas.
 - Jou teëparty sal soos *niks* word,
hulle sal omkom.
 - Jy sal dié soek wat teen jou veg,
maar hulle sal *nêrens* te vinde wees nie;
 - dié wat teen jou oorlog maak,
sal word soos niks, soos iets wat *nie bestaan* nie.

Die woorde wat hier gebruik word, is oorlogsterme. Bekommernisse verklaar oorlog teen die emosies van die mens en God red en beskerm ons teen die oorlogsverklaring van bekommernisse. Inteendeel, Hy laat bekommernisse die aftog blaas en Hy wis dit uit sodat daar niks van hierdie vyand oorbly nie. Dis asof dit nooit bestaan het nie.

3. EK VOEL SO EENSAAM. (JESAJA 49:14,15)

In tye van trauma het jou wêreld in 'n oogwink baie klein geword en jy voel baie alleen. Dis asof niemand omgee of verstaan wat besig is om met jou te gebeur nie. Jy wil met iemand praat, maar daar is geen simpatie of empatie met jou nie. Dit voel asof God ook nie eintlik omgee wat met jou gebeur nie. Jy voel asof almal jou in die steek laat, ook God. Op lees op twee plekke:

“Waarom sê jy dan, Jakob, waarom kla jy, Israel: “Die Here sien nie raak wat van my word nie”. (Jesaja 40:27) en



“Sion sê: “Die Here het my verlaat, die Here het my vergeet.” (Jesaja 49:14)

- *In tye van eensaamheid staan ons name in die handpalm van God gegraveer.*

Ons lees in Jesaja 49:15,

“Kan ’n vrou haar eie baba vergeet, haar nie ontferm oor die kind wat sy in die wêreld gebring het nie? Selfs al sou so iets kon gebeur, Ek sal jou nie vergeet nie. ¹⁶Ek het jou naam in my handpalms gegraveer, Ek sien jou mure altyd voor my”.

Jy is nie alleen en God het jou nie vergeet nie. Hy sien ook raak wat besig is om met jou te gebeur. Jy is konstant in Sy gedagtes en in die agtergrond, wat jy nie kan sien nie, is Hy reeds besig om aan die oplossing van jou omstandighede te werk. Uit die ruïnes van jou omstandighede word ’n nuwe toekoms reeds beplan.

4. EK VOEL SO MOEG. (JESAJA 40:30,31)

Trauma dreineer die geestelike en emosionele energie van ’n mens. Jy is op oorlewing ingestel en dit dreineer jou. Jy het met verandering en aanpassing te doen en dit put jou uit. Jy lê nagte wakker van bekommernisse en vrese en staan elke oggend moeg op. Na ’n lang en uitmergelende sterfbed is die geliefdes wat die sterwende bygestaan het, gedreineer van hulle energie. Aan die einde van ’n lang en uitgerekte periode van swaarkry sê mense gewoonlik, “ek is so moeg”. Ons lees in Jesaja 40:30,

“Selfs jongmanne word moeg en raak afgemat, selfs manne in hulle fleur struikel en val”.



En in Psalm 102:24,25 lees ons iets oor die ervaring van 'n jong man tydens die ballingkap,

“Hy het my krag gebreek toe ek nog jonk was, Hy het my le-we verkort. ²⁵Ek sê: “My God, moet my nie in die fleur van my lewe wegneem nie!”

- *In tye van totale uitputting skep God nuwe energie en lewenslus.*

²⁸Weet jy dan nie, het jy nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie en sy insig is ondeurgrondelik.

²⁹Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie.

- *Gevul met nuwe energie en entoesiasme is daar drie tempos van lewe.*

Ons lees in Jesaja 40:31,

Dié wat op die Here vertrou (hoop), kry nuwe krag (energie):

- Hulle *vlieg* met arendsvlerke,
- hulle *hardloop* en word nie moeg nie,
- hulle *loop* en raak nie afgemat nie.

Gevul met nuwe energie en entoesiasme vlieg ons, hardloop ons en soms, net om ons asem terug te kry, stap ons, net om weer met nuwe energie te vlieg en te hardloop.



5. EK VOEL SKULDIG. (JESAJA 43: 25,26 EN 44:21)

In tye van trauma voel 'n mens soms skuldig en opstandig. Aan die een kant voel jy skuldig dat jy nog lewe en dat ander dood is. Jy voel skuldig omdat jy nog 'n werk het en ander sonder werk sit. Aan die anderkant beleef 'n mens opstandigheid omdat al die slegte dinge net met jou gebeur. In tye van trauma sit 'n mens soms met onverwerkte skuldgevoelens. Miskien moes ek meer aandag gegee het, miskien moes ek versigtiger gewees het.

- *In tye van skuldgevoelens spreek God ons vry en wis ons skuldgevoelens uit.*

Ons lees in Jesaja 43:25,26,

“Ek is getrou aan Myself, Ek dink nie meer aan jou sondes nie. Kla My aan, laat ons die saak tussen ons uitmaak, praat jy en bewys jou onskuld. Ek het jou gemaak, jy is my dienaar. Ek sal jou nie verlaat nie, Israel. Ek het jou oortredinge, jou sondes, uitgewis”.

God wis ons sondes en oortredinge uit, sodat ons weer met oortuiging en oorgawe kan lewe. Jy gaan in hierdie tyd nog baie skuldig voel oor verskeie dinge. Onthou, God hanteer oor jou skuldgevoelens.

6. EK VOEL VERONTREG. (JESAJA 45:9-11)

In tye van trauma voel 'n mens soms verontreg oor wat alles met jou gebeur het. Hoekom kry net ek swaar? Hoekom gebeur al hierdie dinge net met my? Waarom laat God al hierdie dinge



toe? Ek voel verontreg oor wat met my gebeur het. Ek het alles verloor en ander het hulle werk behou. Ander gaan vooruit en ek boer agteruit. 'n Mens spreek dit nie altyd harop uit nie, maar wanneer jy soms siniese opmerkings hoor, weet jy hierdie persoon verontreg voel oor sy omstandighede.

- ***Hoe durf jy God, jou Maker, bevraagteken***

⁹Ellende wag vir hom wat die Een *verwyf* wat hom gevorm het, 'n potskerf tussen potskerwe van klei.

Durf die klei vir die een wat dit vorm, sê:

“Wat maak jy?”

Durf wat jy gemaak het, van jou sê:

“Hy kan nie sy hande gebruik nie!”

¹⁰Ellende wag vir hom wat vir sy pa sê:

“Waarom verwek u 'n kind?”

of vir sy ma:

“Waarom bring u 'n kind in die wêreld?”

¹¹So sê die Here, die Heilige van Israel, die Skepper van Israel:

Durf julle van My rekenskap vra oor wat gaan gebeur?

*Durf julle aan My voorskryf oor my kinders en
oor die werk van my hande?*

God is ons Maker en Hy weet wat Hy vir ons beplan. Om sy motiewe met ons lewens te bevraagteken is baie gevaarlik en dui op ongeloof en wantroue in God. In elke vorige situasie het God mense met stukkende emosies bygestaan, maar in die geval van verwyte word persone wat Hom bevraagteken en verwyf baie



sterk aangespreek. Ons het nie die reg om God te verwyt oor dinge wat met ons gebeur nie.

7. EK VOEL SEER. (JESAJA 61:1-3)

Baie mense sit met seergemaakte emosies oor dinge wat in hulle verlede gebeur het. Ouers het 'n kind verloor. Iemand het 'n geliefde verloor. Ander weer het hulle werk verloor. Nog ander het onder moeilike omstandighede groot geword. Tydens die ballingskap het die Jode eenvoudig alles verloor en hulle was emosionele wrakke. Voordat hulle met 'n nuwe toekoms kon begin, moes God, hulle Geneesheer, hulle eers geestelike en emosioneel gesond maak.

- *God, ons Geneesheer, genees al ons stukkende emosies en wonde.*

Ons lees in Jesaja 61:1-3 die volgende,

Die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood. Hy het my gestuur:

- om dié wat moedeloos is, op te beur,
- om vir die gevangenes vrylating aan te kondig,
- om aan te kondig dat die tyd gekom het waarop die Here genade betoon,
- die dag waarop Hy vir dié in Sion wat treur, eer gee in plaas van smart,
- vreugde in plaas van droefheid,
- blydskap in plaas van hartseer.

Hulle sal genoem word: Bome van redding. Die Here het hulle geplant om sy roem te vermeerder.



Geen mens kan die toekoms met seergemaakte emosies ingaan nie. Dit sal 'n hindernis bly vir die res van hulle lewens. As jy 'n nuwe toekoms wil bou, moet die "seer" van die verlede heel gemaak word. God, ons Geneesheer, maak elke stukkende emosie heel.

8. EK VOEL SO ONSEKER (JESAJA 43:18,19)

Tye van trauma skep onsekerheid. Mense het baie dinge verloor en is onseker oor die toekoms. Jong mense weet nie wat vir hulle voorlê en is onseker oor baie dinge. Iemand het 'n geliefde verloor en moet alleen 'n onsekere toekoms inbeweeg. In tye van trauma is 'n mens geneig om by die verlede stil te staan,

¹⁸Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. (Jesaja 43:18)

- *In tye van onsekerheid skep God, die skepper, 'n nuwe toekoms*

Ons lees in Jesaja 43:19,

"Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring".

In Miga 1:16 lees ons meer oor hierdie nuwe toekoms wat God uit die ruïnes van die ballingskap weer gaan opbou,



“Ek gaan My weer oor Jerusalem ontferm: my tempel daar gaan herbou word, sê die Here die Almagtige, Jerusalem sal opnuut as stad uitgelê word. My stede sal weer oorstroom word deur voorspoed. Ek, die Here, gaan weer genade be-
toon aan Sion, Ek gaan Jerusalem weer my woonplek maak.”

Let op die woorde, “weer”, “herbou”, “opnuut”, “voorspoed” en “genade”!

- *Die finale toekoms van gelowiges.*

Ons lees in Jesaja 65:16,17,

Die swaarkry van vroeër sal vergeet wees, Ek laat dit verdwyn. ¹⁷Ek gaan 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde skep; aan dié wat daar nou is, sal daar nie meer gedink word nie, hulle sal nie onthou word nie.

In tye van trauma is daar altyd iets wat iemand verloor het en dit maak die toekoms bitter onseker. In dié tye is 'n mens geneig om by die goeie tye van die verlede stil te staan. Ons kan egter nie by die verlede stilstaan nie en uit die ruïnes van die verlede moet 'n nuwe toekoms gebou word. Wanneer daar oor 'n nuwe toekoms gepraat word, word daar na God as Skepper verwys. Uit die ruïnes van die verlede word 'n nuwe toekoms geskep en aan die einde van die tye skep dieselfde God 'n nuwe hemel en aarde met 'n nuwe lewenswyse, waar die “die wolf en die lam



saam sal wei en die leeu strooi sal vreet soos 'n bees" (Jesaja 65:25).

HOEKOM HET AL HIERDIE DINGE GEBEUR?

In Jesaja 40-66 kondig God troos en 'n nuwe toekoms aan. Die swaarkry van die verlede is verby. Individu en gemeenskappe wat van hulle stukkende emosies genees is, kan met groot opgewondenheid en doelgerigtheid uit die ruïnes van die verlede 'n nuwe toekoms bou.

Nou bly nog net een onbeantwoorde vraag oor wat met groot versigtigheid en nederigheid gevra moet word, "Hoekom het hierdie crises met ons gebeur?" En die antwoord is insiggewend,

In hierdie tydperk het Ek jou gelouter, maar nie soos silwer gelouter word nie, *Ek het jou gelouter in die smeltkroes van ellende.* ¹¹Ter wille van Myself en daarom alleen, doen Ek dit, Ek laat my Naam nie oneer aandoen nie. Ek gee die eer wat My toekom, aan niemand anders nie. (Jesaja 48:10,11)

Tydens die Babiloniese ballingskap was God besig gewees om Sy kinders te louter in die smeltkroes van ellende. Dis wat ook besig is om vandag met jou te gebeur, hoe pynlik ook.

SLOTIED

My Herder is die Heer alleen

Wat ek ontbreek wil Hy my gee



Hy laat my neerlê in groenweivelde

Waar rus is lei Hy my heen.

En ek vertrou op U alleen

Ja, ek vertrou op U alleen

U guns en goedheid sal my volg en vind

Genade vir my U kind

U lei my in geregtigheid

U sal my siel met hartlikheid

My beker vloei net oor van dankbaarheid

Van nou tot in ewigheid

En ek vertrou op U alleen

Ja, ek vertrou op U alleen

U guns en goedheid sal my volg en vind

Genade vir my U kind

SEëNBEDE

Daardie dag sal daar



vir Jerusalem gesê word:
Moenie bang wees nie, Sion,
moenie jou hande moedeloos
laat hang nie!

WANT...

Die Here jou God is by jou,
Hy, die krygsman wat red.
Hy is vol vreugde oor jou,
Hy is stil-tevrede in sy liefde.

Hy jubel en juig oor jou:
Ek maak dié bymekaar wat treur
(Sefanja 3:16,17)

